NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 8 FEBRUARIE 2007 TE BYBELHUIS, PE

1. OPENING

1.1 Die vergadering sing Lied 190 - *Grote God aan U die eer*.

1.2 Ds Hansie Schutte, voorsitter, lees uit Handelinge 1 verse 1 tot 11 voor.

1.3 Hy beklemtoon vers 8 - *Julle sal My getuies wees deur krag van die Heilige Gees*. Die kerk, en NG Kerk, staan in die brandpunt. Hoe gaan ons hierop reageer? Deur onsself aanvaarbaar te maak, of ons "produk" byderwets te probeer kry? Ons behoort vanuit ons identiteit - getuies wees - te leef en nie oor die evangelie te onderhandel nie. Ons kan dit nie teen 'n afslagprys verhandel nie. Dit moet onverdund aan die wêreld deurgegee word.

1.4 Hansie beklemtoon die volgende na aanleiding van Handelinge 1:
1.4.1 Om getuies te wees, is om te bly by wat Jesus ons geleer het, soos ontvang via die apostels.
1.4.2 Die kerk se visie moet verbreed en vergroot - om bv verby die "koninkryk van Israel" te kyk en die koninkryk van God, wat oor die hele wêreld moet versprei, raak te sien.
1.4.3 Die dissipels moes leer die taak begin nou eers - ons was tot nou toe in "kategese" en nou begin die uitleef van wat ingeoefen is. Dit word nooit afgehandel nie.
1.4.4 Die eerste dissipels moes leer om nood raak te sien - in Jerusalem, Judea, Samaria en tot in die uithoeke. Nood in al sy vorme.
1.4.5 Om kerk te wees is om verlos te raak van misverstande, bevry van 'n bepaalde soort engheid of beheptheid wat mense buite hou wat binne behoort te wees.
1.4.6 Die kerk moet elke dag nuutgebore word, bevry word, elke dag loskom van goed wat vashou en vassuig, bv gemaksug. Hy noem die voorbeeld van 'n seereddingstasie wat ontaard het in 'n gemaklike klub. Strukture in die kerk kan maklik gemaksones word.
1.4.7 Verleenthede is geleenthede - situasies van vasgelooptheid word telkens 'n nuwe toekoms wat oopgaan. Dit is 'n nuwe manier van lewe.
1.4.8 Die Heilige Gees - "julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom." Die geheim van die kerk is Gees-drif en Gees-durf. God maak ons deur sy Gees-driftig en vol durf. Die Gees maak die kerk rusteloos. Die verleenthede wat opdoem is die geleenthede.
1.4.9 Rustigheid is ook deel van die identiteit van die kerk. Rustigheid in die wonder dat God die toekoms van die kerk in sy hand het. Die wederkoms van Jesus is ons bron van rustigheid.

1.5 Hy sluit af deur dieselfde Skrifgedeelte uit die Boodskap voor te lees.

1.6 Twee lede van die vergadering gaan voor in gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 B-Net - op uitnodiging

Ds BIC Steyn

2.4 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die volgende nuwe sake en bylae word by die sakelys gevoeg:

- Pt 5.2.7 Afvaardiging na Algemene Sinode met Bylae M, N.1, N.2
- Bylaag O by pt 7.1
- Pt 9.1 Verslag ASM
- Pt 9.2 Verslag Interim Kerkhereniging-Taakspan
- Pt 11.1 Ontmoeting Taakspan Fondse: 10 Mei
- Pt 11.2 Verteenwoordiger Grondhervormingskomitee
- Pt 11.3 Ringsprojekte: Ring van Uitenhage

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK-Dagbestuur 2006-10-26 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur.

4.2 SK-Dagbestuur 2006-11-09 (Begroting) Bylaag B

4.2.1 Besluit: Goedgekeur.

4.3 SK-Dagbestuur 2006-11-22 (Ontmoeting Ring van Humansdorp) Bylaag C

4.3.1 Besluit: Goedgekeur.

4.4 Sinodale Kommissie 2006-11-23 Bylaag D

4.4.1 Besluit: Goedgekeur.

4.5 SK-Dagbestuur 2007-01-18 (Strategiese Teologiese Beplanning) Bylaag E

4.5.1 Besluit: Goedgekeur.

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK-Dagbestuur 2007-01-18 Bylaag E

5.1.1 Strategiese vennootskappe (pt 5.1.6.2)

5.1.1.1 'n Strategiese vennootskap is reeds met Excelsus (SKB, Universiteit van Pretoria) gesluit en in beginsel met Buvton. Laasgenoemde sal later vanjaar met inhoud gevul word. Die sinode maak eersdaags ook van Shepherd (Universiteit van die Vrystaat) se dienste gebruik.

5.1.1.2 Dr Frederick Marais se reiskoste na die SK-Dagbestuurvergadering van 18 Januarie 2007 word as strategiese bestuur beskou en uit hierdie rekening betaal. Dr Marais sal nie die SK-vergadering van 19 April bywoon nie.

5.1.1.3 Die volgende retraite van die Ring van Humansdorp sal as 'n roepingsretraite ingeklee word, soos deur Buvton ontwerp en waarvoor Shepherd eersdaags die opleiding sal aanbied.

5.1.2 Opleiding van fasiliteerders vir die roepingsretraite (pt 5.1.6.3)

5.1.2.1 Die opleiding van fasiliteerders vir die roepingsretraite vind van 4 tot 6 Maart 2007 teen 'n koste van R680 per persoon by Menua te Bloemfontein plaas. Shepherd hou plek vir 5 persone uit die Oos-Kaap. Inskrywings sluit Maandag 26 Februarie. Die uitnodiging geskied via die via OosKaap eNuus en is op eie koste van gemeentes of ringe. Die eerste 5 inskrywings uit die Oos-Kaap sal geakkommodeer word.

5.1.3 Notule Sinodale Kerkkantoor (pt 5.2.1) Bylaag F

5.1.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Notule Sinodale Kerkkantoor - dd 2006-12-07).

5.1.3.2 Besluite:
***1 Kennis geneem van pte 1 tot 4.1.1**
***2 Pt 4.1.1.1 Goedgekeur.**
***3 Pt 4.1.2 - 4.1.2.1.2 Die besluite word gekondoneer.**
***4 Pt 4.1.3 -4.1.3.1 - Goedgekeur.**
***5 Pt 4.1.4.1 Die besluit word bekragtig.**
***6 Pt 4.1.5 tot 4.1.5.5 - Kennis geneem.**
***7 Pt 4.1.5.6.1 - Kennis geneem.**
***8 Pt 4.1.5.6.2 - Goedgekeur.**
***9 Pt 4.1.5.6.3 - Goedgekeur.**
***10 Pt 4.1.5.6.4 - Goedgekeur.**
***11 Pt 4.1.5.6.5 - Goedgekeur.**
***12 Pt 4.1.5.6.6 - Goedgekeur.**
***13 Pt 4.1.5.6.7 - Goedgekeur.**
***14 Pt 4.1.5.6.7 - Goedgekeur.**
***15 Pt 4.1.5.6.8 - Goedgekeur.**
***16 Pt 4.1.5.6.9 - Goedgekeur**
***17 Pte 5.-6. - Kennis geneem**

5.1.4 Opleiding van lidmate om onder toesig bedieningshulp te lewer (pt 5.3)

5.1.4.1 Die DA doen verslag oor die verloop van die projek. Die dokumentasie en uitnodigings is na die ringe uitgestuur, en inskrywings word tans ontvang. Die literatuurlys is intussen gefinaliseer. Kursusgangers is verantwoordelik vir die koste van die materiaal. Met dank kennis geneem van die vordering met die projek.

5.1.5 Bosberade Maart 2007 (pt 5.4.2.2)

5.1.5.1 Chris van Wyk en Barnard Steyn lê 'n raamwerk voor vir die proses en inhoud van die bosberade:
Daar word drie moontlikhede voorsien:
- 'n Hermeneutiese gesprek, of
- Toerusting oor 'n relevante aspek, of
- 'n Inset aan die hand van die nuwe boekie oor geloofsonderskeiding by vergaderings. Daar is 4 basiese aspekte:

luistervaardighede (dominerende of interpreterende luister versus bevestigende, parafraserende luister);
vergaderstyle (daar is 5 style);
ses God-vrae om geloofsonderskeidend te kan werk; en
hoe om die **bewegings van die Gees** in 'n vergadering te kan onderskei, bv van vrees na vertroue, of van opponente na gemeenskap.

5.1.5.2 Dit is ook nodig om prakties te gesels oor volgende jaar en projekte. Die leraars kan dan bemagtig word om luisterend aan 'n plan vir implementering te werk.

5.1.5.3 Daar moet ook ruimte wees vir 'n inset rondom kerkhereniging (vgl notule SK 2006-11-23).

5.1.5.4 Opleiding vir kerkhereniging fasiliteerders kan in 'n latere rondte aandag kry (sien gemeentes.co.za)

5.1.5.5 Besluite:
***1 Chris, Barnard en Danie finaliseer die beplanning in oorleg met Hansie en Schalk;**
***2 As algemene riglyn sou die volgende aandag kon kry:**

***2.1 Verhale van hoop - terugvoer oor ringsprojekte;**
***2.2 Inset oor geloofsonderskeiding tydens vergaderings;**
***2.3 Kerkhereniging - 'n kort verslag van waar ons staan.**
***3 Voorsitters van kerkrade word ook die geleentheid gebied om die bosberade by te woon.**
***4 Die DA hanteer die logistiek van die bosberade.**

5.1.6 Gesprekke voor en na die Algemene Sinode (pt 5.4.3.2)

Die saak staan oor tot by pt 5.2.7.

5.1.7 Kerkherenigingsgesprekke te Cradock (pt 5.5)

Die saak staan oor tot by pt 7.1 waar die notule van die UK Oos-Kaap Konvent vir Eenheid bespreek word.

5.1.8 Rekonsiliasie van die salarisrekening (pt 5.6.2) Bylaag G

5.1.8.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Notule van die SKDV - dd 2007-01-19).

5.1.8.2 Besluite:
***1 Pte 1. tot 3.2 - Kennis geneem.**
***2 Pte 3.3.1 tot 3.3.5 - Goedgekeur.**
***3 Pt 4.1 - Kennis geneem.**

5.2 SK 2006-11-23 Bylaag D

5.2.1 Nuwe Sinodale Pos: Direkteur Begeleiding (pt 6.2.5)

Die aanstelling word deur die Werwingskomitee van die SK hanteer, en staan oor tot aan die einde van die vergadering.

5.2.2 Ad Hoc Taakspan: Oos-Kaapse bydrae vir die Algemene Sinode (pt 6.2.6)

5.2.2.1 Die DA doen verslag dat 'n gespreks-dokument aan ringe en gemeentes gestuur is. Terugvoer word tans nog ontvang.

5.2.3 Bevordering van Kerkhereniging (pt 6.2.9)

5.2.3.1 Veral die moderatuur word deur die SK getaak met die volgende opdrag om eredienste en gesprekke oor kerkhereniging in gemeentes te lei (Bylaag M SK 2006-11-23):

5.1 Dit is noodsaaklik dat hierdie gesprekke opgevolg word en dat lidmate daarby betrokke raak. Dit sal die proses baie help as 'n paar leraars uit die sinodale gebied beskikbaar gestel word om op uitnodiging van gemeentes dienste of gesprekke oor kerkhereniging te lei. Die sake wat pertinent aandag moet kry, is:

5.1.1 die Bybelse opdrag tot sigbare eenheid;

5.1.2 die kerk as eiendom van Christus (kerkbegrip);

5.1.3 die proses waarvolgens hereniging plaasvind;

5.1.4 die rede waarom die familiekerke voorkeur kry in die hereniging teenoor die ander Afrikaanse (blanke) kerke.

5.2 Die SK en ringe moet - saam met die ander Familiekerke - 'n dringende fasiliterende rol speel om gesprek op "mini-konvent vlak" in ringe op dreef te kry, sodat onderlinge verhoudinge gebou kan word.

5.2.3.2 Besluit:
Gemeentes word via die OosKaap eNuus ingelig dat moderatuurslede beskikbaar is om preekbeurte oor kerkhereniging waar te neem en vrae in gemeentes te beantwoord.

5.2.4 Beskrywingspunte: Ring van Queenstown (pt 6.2.10)

5.2.4.1 Die saak is na die SR verwys en staan oor.

5.2.5 R10-Fonds (pt 6.3.1)

5.2.5.1 Die DA ontvang volmag om die besluit van die Sinodale Kommissie (2006-11-23) onmiddellik te implementeer: ringe word uitgenooi om aansoek te doen in terme van die doel van die R10-fonds.

5.2.6 Beplanning van Oos-Kaap Sinode 2007 (pt 12.2)

5.2.6.1 Die opdrag is na die moderatuur en DA verwys met die reg van koöpsie.

5.2.6.2 Besluit:
Die ad hoc komitee sal 'n vergadering inruim en 'n verslag voorlê aan die SK-vergadering van 19 April 2007.

5.2.7 Afvaardiging Algemene Sinode (pt 6.5.1) Bylaag M, N.1 en N.2

5.2.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Afvaardiging na die Algemene Sinode 2007 - dd 2007-02-08) en neem daarvan kennis.

5.2.7.2 Die vergadering neem kennis van Bylaag N.1 (Berekening van die proporsionele komponent van die sinode se afgevaardigdes - dd 2007-02-07).

5.2.7.3 Die vergadering bespreek Bylaag N.2 (Skrywe dr K Gerber re Algemene Sinode 2007 - dd 2007-02-06).

5.2.7.4 Besluite:
***1 Die moontlikheid word ondersoek om die Sondag, 3 Junie, laatmiddag na Gauteng te vlieg, en die aand 'n gesprek oor die sinode te voer. Die afvaardiging slaap dan by die Birchwood Konferensiesentrum oor, indien beskikbaar. Ons vlieg weer na 17:00 op 7 Junie terug.**
***2 Die ekstra nag se verblyf en etes wat daarmee gepaard gaan, sal vir die sinode se rekening wees, maar in die egalisasiepoel geplaas kan word.**
***3 'n Tweede moontlikheid is om die Sondag-aand in Port Elizabeth te vergader en oor te**

bly en die Maandagoggend vroeg na Gauteng te vlieg.
***4 Die moderatuurslede en DA ontvang volmag om die reisreëlings te finaliseer.**

5.3 SK-Dagbestuur 2006-11-22 Bylaag C

5.3.1 Ondersoek na sinodale dankoffers (pt 5.1.1)

5.3.1.1 Die saak is na 'n ad hoc kommissie verwys. Die DA het 'n skrywe aan ringe en gemeentes gerig, en kommentaar word tans ontvang.

5.4 SK-Dagbestuur 2006-11-09 Bylaag B

5.4.1 Besoek aan Emeriti Jeffreysbaai re kerkhereniging (pt 6.3)

5.4.1.1 Die voorsitter en DA gee terugvoering. Die ontmoeting het op 22 November 2006 plaasgevind. Sestien emeriti was teenwoordig. Die gemeente het die vorige week 'n inligtingsvergadering gehou wat deur 130 lidmate bygewoon is, en derhalwe 'n invloed op die getal aanwesiges tydens die gesprek met die emeriti gehad het.

5.4.1.2 Emeriti het waardering uitgespreek vir die geleentheid om gesprek te voer.

5.5 SK-Dagbestuur 2006-10-26 Bylaag A

5.5.1 Amalgamasie KGA en SKGA (pt 5.9)

5.5.1.1 Geen terugvoering is nog van dr Johan Botha van die VGK ontvang nie. Die saak staan oor.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 VBO-roepingsretreat

Afgehandel by pt 5.1.2

6.2 Opleiding van lidmate

Afgehandel by pt 5.1.4

6.3 Sinodale Werkswinkel Bylaag H

6.3.1 Barnard Steyn doen aan die hand van Bylaag H (Spiritualiteit-Retraite - ongedateerd) verslag dat die bekendstellingsbrosjure en inskrywingsvorms versprei is. Sowat 24 leraars het reeds ingeskryf. Daar is plek vir 40 persone, en vanaf 16 Februarie kan lidmate ook inskryf.

7. EKUMENE

7.1 UK Oos-Kaap Konvent 2007-02-07 Bylaag O

7.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Notule Oos-Kaapse Konvent vir Eenheid - dd 2007-02-07) en neem die volgende besluite:

7.1.2 Besluite:
7.1.2.1 Pte 1-3.1.1 - Kennis geneem
7.1.2.2 Pte 4. - 4.2.4.2 - Kennis geneem
7.1.2.3 Pt 4.2.4.3 - Goedgekeur. Die sinode beskik oor R8,000 waarmee brandstofsubsidie aan ringskommissies van ander kerke, wat om hulp aansoek doen, betaal kan word.
7.1.2.4 Pt 4.2.4.4 - Goedgekeur.
7.1.2.5 Pte 4.2.5 - 6. - Kennis geneem

8. KOMMUNIKASIE

8.1 Webblad Oos-Kaapland en e-pos-adresse

8.1.1 Die skriba doen verslag dat die domein *ngkok.org* later vanjaar sal verval en reeds vervang is met *ngkok.co.za*. Dit word ter wille van kostebesparing gedoen. Dit beteken dat die bestaande e-pos adresse met die uitgang *@ngkok.org* vervang word met *@ngkok.co.za*.

8.1.2 'n Webblad wat bestaan uit verskillende inligting- en brondokumente, waaronder notules, is vir die sinode geskep en kan besigtig word by www.ngkok.co.za.

9. MODERATUUR

9.1 Verslag ASM

9.1.1 Hansie Schutte doen verslag oor bepaalde sake uit die Algemene Sinode moderamen.

9.1.2 Gesprekke oor geweld moet op die vlak van gemeentes, ringe en predikante-kringe gevoer word.

9.1.3 'n Sentrale registerstelsel vir die argief wat in Stellenbosch gesetel sal wees, word in die vooruitsig gestel. ID-nommers word nou vir die oorplasing benodig. Ons sal nou dringend voorsiening vir identiteitsnommers op kerklike registers moet maak.

9.1.4 Ons moet 'n opname maak of predikante Handelinge en Sakelys op CD of in hardekopie wil hê. Volledige besonderhede sal van die Algemene Sekretaris ontvang word.

9.1.5 Luisterseisoen: Nelis van Rensburg het by die ASM verslag gedoen dat die projek baie goed verloop. Ander kerke in die familie is ook besig om in te koop op die projek.

9.2 Verslag Interim Kerkhereniging-Taakspan

9.2.1 Chris van Wyk doen verslag dat assosiaat-lidmaatskap vir sommige kerke in die familie, eerder as volledige deel-wees van nuwe kerkverband, nou as 'n moontlikheid oorweeg word, op voorstel van die RCA.

9.2.2 Die moontlikheid om 'n spesifieke kantoor vir kerkhereniging op te rig, word oorweeg.

10. KORRESPONDENSIE

10.1 Nuusbrief oor brugpastoraat Bylaag I

10.1.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag I (Nuusbrief oor Brugpastoraat - 2006-12).

10.2 NGK Jeffreysbaai: Terugvoer Kerk-herenigingsgesprek Bylae J en J.1

10.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag J (Kerkhereniging Jeffreysbaai - dd 2006-12-14) en besluit dat die skriba 'n preekbeurt vir een van die moderatuurslede te Jeffreysbaai sal reël.

10.2.2 Die vergadering neem kennis van Bylaag J.1 ((Menings van 'n aantal lidmate van die NGK Jeffreysbaai aangaande kerkhereniging - dd 2007-01-15).

10.3 Verdeling van sinodale kollektes : Vrouebediening Bylaag K

10.3.1 Me Tish Steyn en me Christine Higgs woon die vergadering by om Bylaag K (Verdeling van Sinodale Kollektes Vrouebediening - dd 2007-01-25) toe te lig.

10.3.2 Me Higgs wys op die behoefte van predikantsvroue en ander vrouelidmate om geestelik verryk te word. Me Steyn oordeel dat die bestaansreg van 'n Vrouebediening herbevestig moet word, en dan behoorlik befonds moet word.

10.3.3 Die vergadering bespreek die implikasies van die sinodale model vir die vrouebediening waar gemeentes en ringe verantwoordelikheid moet neem. Ringsprojekte as voertuig vir inisiatiewe vanuit ringe, en die verantwoordelikheid van B-Net se Vrouebedieningsnetwerk om gemeentes en ringe te bemagtig vir 'n bediening aan vroue, word bespreek.

10.3.4 Besluite:
Die Netwerkbestuurder Vrouebediening sal 'n ad hoc ringsprojek voorlê vir 'n lewensverrykingsnaweek vir vroue in die sinodale gebied, koste R12,000. Dit geskied onder die vaandel van die Ring van Humansdorp, nadat die ringskommissie van Humansdorp dit goedgekeur het.

10.4 NGK Jeffreysbaai: Bybelse perspektief op die huwelik Bylaag L

10.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag L (Bybelse perspektief op die huwelik - dd 2006-11-29).

10.4.2 Besluit:
Die skriba vra broer Cor du Plessis se studiestuk aan en stuur dit dan aan die aktuarius vir kommentaar.

11. ANDER SAKE

11.1 Ontmoeting Taakspan Fondse : 10 Mei

11.1.1 Dr Kobus Gerber en ds Bobby Sherrer wil graag die SK-Dagbestuur ontmoet.

11.1.2 Besluit: Die afvaardiging word op 10 Mei op hulle eie koste ontvang.

11.2 Verteenwoordiger Grondhervormingskomitee

11.2.1 Die SK het op 23 November 'n primarius en sekundus verteenwoordiger op die grondhervormingskomitee van die AS aangewys. Aangesien die primariuslid nie beskikbaar is nie, word die verteenwoordiging gewysig.

11.2.2 Besluit:
11.2.2.1 Broer Lucien Theron van Barkly-Oos word as primariuslid aangewys (voorheen sekundus), en dr Jan Viljoen as die sekundus-lid.
11.2.2.2 Die voorsitter bedank dr Viljoen wat die eerste vergadering van die Grondhervormingskomitee bygewoon het.

11.3 Ringsprojekte: Uitenhage

11.3.1 Die Ring van Uitenhage het ringsprojekaansoeke ingehandig / versend wat nie by die sinodale kantoor ontvang is nie.

11.3.2 'n Surplus het in die 2006-7 boekjaar ontstaan vanweë ringsprojekte wat nie uitgevoer is nie. Dit is voldoende om in die befondsing van hierdie projekte te voorsien.

11.3.3 Besluit:
Die bykomende ringsprojekte van die Ring van Uitenhage word goedgekeur.

12. VOLGENDE VERGADERING

12.1 Die SK-Dagbestuur vergader weer op 10 Mei 2007.

13. AFSLUITING

Die vergadering verdaag en gaan voort om as werwingskomitee aansoeke vir die pos van Direkteur Begeleiding te verwerk.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: